‘n Nuwe kleed vir ‘n nuwe jaar

(Saamgestel deur Dr. Leon Pienaar)

Elke jaar hierdie tyd kom nuwejaarsvoornemens na vore. Die uitdrukking “Nuwe Jaar, Nuwe Jy” bied die geleentheid om hierdie jaar nuut te begin. Alhoewel heelwat mense suksesvol sal wees om by hul nuwejaarsvoornemens te hou, sal die meerderheid erken dat hulle nie juis optimisties is daaroor nie. Wil jy ‘n beter kans staan met jou nuwejaarsvoornemens? Dis beslis beter om die raad en pogings van die Bybel te volg eerder as om deur eie krag te probeer om ‘n nuwe uitgawe van jouself te skep.

In Kolossense 3 vers 9 en 10 gee Paulus vir ons die resep: “Julle is eintlik soos iemand wat sy ou klere uitgetrek en nuwe klere aangetrek het. Die ou klere is julle slegte ou gewoontes en die verkeerde manier waarop julle geleef het. Daarvan moet julle ontslae raak soos van ou klere. God het egter vir julle ook ’n nuwe stel klere gegee. Hierdie klere maak julle heeltemal nuut. Dit bring julle al hoe nader aan God. Julle leer Hom al hoe beter ken. Hoe beter julle Hom leer ken, hoe meer word julle soos Hy. So kom julle al hoe nader aan die doel waarvoor God julle gemaak het. God het ons gemaak om almal soos Christus te wees.” Dit klink amper asof jy die wyse waarop jy aanttrek moet verander. Een vertaling praat van die ou kleed uittrek en ‘n nuwe kleed aantrek. Twee Engelse vertalings sê: “now you’re dressed in a new wardrobe” en “you have started living a new life”. Dit lyk amper asof alles verander – dat jy totaal anders lyk en total anders leef. Mense moet die verskil, die nuwe jy, kan sien.

Soos’n nuwe mode mag mense daarvan hou of nie daarvan hou. Hierdie is egter geen nuwe mode nie, maar ‘n nuwe jy. Kom ons kyk wat dit vir ons beteken om vandag in hierdie nuwe jaar nuut te leef.

1. **Wat moet die verskil wees in my ingesteldheid as ek terugkyk na die ou jaar en vorentoe kyk na die nuwe jaar? Gebruik die volgende skrifgedeeltes om jou denke te vorm?**

   Filippense 3:13-14: _____

   _____

   _____

   _____

   Klaagliedere 3:21-23: _____

   _____

   _____

   _____

2. **Wat moet die groot verskil wees tussen die ou jaar en die nuwe? Hoe kan ons seker maak dat daar verandering is? Wat is dit wat moet verander? Wat sê die volgende skrifgedeeltes hieroor?**

   Kolossense 3:1-2: _____

   _____

   _____

   Kolossense 3:3-4: _____

   _____

   _____

   Kolossense 3:10: _____

   _____

   _____

   Romeine 12:2: _____

   _____

   _____

   Hebreërs 11:16: _____

   _____

   _____

3. **Kolossense 3:5-9 dui vir ons ‘n nuwe ingesteldheid aan. Hoe moet hierdie nuwe ingesteldheid lyk?**

_____

_____

4. **Watter dinge moet agtergelaat word as deel van hierdie nuwe ingesteldheid?**

_____

_____

_____

_____

_____

_____

5. **Wat is die dinge wat die “nuwe mens” moet opneem volgense Kolossense 3:12-13 en Galasiërs 5:22-23?**

_____

_____

_____

_____

_____

_____

6. **Volgens Paulus in Kolossense 3:14 is dit liefde wat al hierdie dinge saambind. Wat is die eienskappe van hierdie liefde wat die “nuwe mens” moet najaag?**

Kolossense 3:12-13: _____

_____

_____

1 Korintiërs 13:4-7: _____

_____

_____

7. **Wanneer jy die nuwe kleed aantrek, gee God aan jou vrede as riglyn vir die pad. Hierdie vrede is egter baie spesiaal en is nie dieselfde as die vrede wat uit onsself of van die wêreld kom nie. Beantwoord die volgende vrae m.b.t hierdie spesiale vrede:**

   Kolossense 3:15 & Psalm 34:14. Is die vrede net vir jouself?

   _____

   _____

   _____

   Jesaja 9:6. Wat is die oorsprong van hierdie vrede?

   _____

   _____

   _____

   Jesaja 26:3. Hoe kan ons seker wees dat hierdie vrede by ons bly?

   _____

   _____

   _____

   Johannes 14:27. Wat is die teenoorgestelde van hierdie vrede?

   _____

   _____

   _____

   Johannes 16:33. Hoe help hierdie vrede as ons teenstand ervaar?

   _____

   _____

   _____

8. **Kolossense 3:15 gee ook vir ons 'n ander eienskap wat belangrik is om nuut te leef en die nuwe kleed waardig te wees. Wat is hierdie eienskap?**

   _____

   _____

9. Hoekom moet ons volgens 1 Tessalonisense 5:18 IN ALLE OMSTANDIGHEDE TE ALLE TYE dankbaar wees?

_____

_____

10. 'n Laaste vereiste is die teenwoordigheid van die Woord van God in ons lewens. Hoe kan ons volgens die volgende skrifgedeeltes seker maak dat die Woord lewe vir ons?

Kolossense 3:16: _____

_____

_____

Hebreërs 4:12: _____

_____

_____

Kolossense 3:17: _____

_____

_____

Efesiërs 4:22-24: _____

_____

_____

_____